# Rekeningkunde

KOSTER
GEKOMBINEERDE SKOOL

## BESKRYWING VAN DIE VAK:

**Volgens die Nasionale Kurriculum sal die leerders baie baat by die nuwe benadering:** Rekeningkunde fokus op die meting van prestasie, verwerking en oordrag van finansiële inligting aan ekonomiese sektore. Hierdie dissipline verseker dat beginsels, soos: etiese gedrag, deursigtigheid en verantwoordbaarheid nagekom word. Dit werk met die logiese, sistematiese en akkurate seleksie en vaslegging van finansiële inligting en transaksies, asook die samestelling, ontleding, vertolking en kommunikasie van finansiële state en bestuursverslae wat belanghebbende partye gebruik. Die vak behels rekeningkundige kennis, vaardighede en waardes wat fokus op finansiële boekhouding, bestuursboekhouding en oudit. Hierdie aspekte dek 'n breë spektrum van rekenkundige begrippe en vaardighede om leerders voor te berei vir 'n verskeidenheid van beroepsgeleenthede.
Die tabel hieronder dui die belangrikste onderwerpe in die Rekeningkunde-leerplan aan.

## INHOUD VAN DIE VAK:

- Inheemse boekhouding.
- Etiek.
- AARP – beginsels.
- Interne beheer.
- Boekhouding van 'n alleenhandelaar – rekord-houding van krediet- en kontanttransaksies. Algemene Grootboek; Proefbalans; Rekeningkundige vergelyking.
- Finansiële state – aansuiwerings, sluitingsoordragte, Inkomstestaat, Balansstaat, notas tot die finansiële state, ontleding van finansiële state.
- Kosteberekening.
- BTW.
- Salarisse en lone.
- Begrotings.

### VAARDIGHEDE WAT ONTWIKKEL WORD:

- Georganiseerdheid.
- Deeglikheid.
- Akkuraatheid.
- Noukeurigheid.
- Finansiële geletterdheid.
- Etiese gedrag.
- Goeie oordeel.
- Kritiese, logiese en analitiese vermoëns.
- Netheid.

### MOONTLIKE STUDIERIGTINGS/BEROEPE :

- Rekeningkundige Spesialis.
- Finansiële Rekenmeester.
- Belastingskonsultant.
- Ouditeur.